# Hoofstuk van die dag: Rut 4

> *Die Here het haar swanger laat word, en Rut het 'n seuntjie in die wêreld gebring. (vers 13b)*

As jy dié verhaal lees om te sien waar God iets gedoen het in Naomi en Rut se lewe, moet jy lank soek. Ons lees baie van God, maar dis elke keer die mense wat oor Hom praat, soos Naomi ook oor Hom gepraat het, of wanneer mense mekaar die Here se seën toewens. Maar dat Hy self iets doen, dit lees ons nie. Dis eers hier in vers 13, tien verse voor die einde, dat God uiteindelik agter die skerms uitkom en self iets doen. "Die Here het haar swanger laat word, en Rut het 'n seuntjie in die wêreld gebring."
Of liewer, dis eers hier dat die skrywer ons aandag pertinent op God se optrede vestig. Natuurlik was Hy nie weg tot hier nie, maar Naomi het dit nie besef nie, sy kón dit nie sien nie, want sy was verblind deur haar eie hartseer en probleme.
God is nie weg nie. Hy is aan die werk op baie verskillende maniere, deur omstandighede, deur dinge wat oor jou pad kom, deur die mense vet wie Hy jou omring. Moenie dit miskyk omdat jy sit en wag op 'n wonderwerk nie!

_Naskrif:_ Môre begin ons weer Psalms lees. Ons gaan aan by Ps 81. Seënwense!

## Onlangse Bydraes


- [Dawid, die skaapwagter]
- [Hoe moet ons dit verstaan? 23]
- [Eva, die vrou wat alles opgemors het]
- [Gebed ná die prediking]
- [Bybelkarakters – Adam]


## Argief


Argief Kies 'n maand

- [Lees die Bybel saam met my]
- [Soos ek dit sien]
- [Preke]
- [Gebede]
- [Kortverhale]

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026